

VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

# ANALISE: MISDADE EN VEEDIEFSTAL VIR DIE DERDE KWARTAAL 2023/2024 IN DIE VRYSTAAT

## 1. INLEIDING

Die Minister van Polisie het onlangs misdaad statistieke vrygestel vir die derde kwartaal van die finansiële jaar 2023-2024, dus vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 2023.

Die analise fokus kortliks op al die misdade en waar moontlik in verwysing met aangemelde sake/insidente in die land. Verder fokus dit op Plaasaanvalle/moorde en veral ‘n uitgebreide analise op veediefstal aangemelde statistieke in die Vrystaat.

## 2. MISDAAD SYFERS RAKENDE DIE DERDE KWARTAAL VAN 2023/2024 (1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2023):

Wat moorde en poging tot moord insidente aanbetref was daar ‘n toename in die derde kwartaal van 2023/2024 in die RSA van onderskeidelik 2,1% (155 moorde meer) en 13% (911 insidente meer). Wat moorde teenoor vrouens aanbetref het dit toegeneem met 3,4% (34 sake) en teenoor kinders het dit afgeneem met 10,7% (24 sake). Poging tot moord insidente teenoor vrouens het met 194 sake (11,9%) toegeneem terwyl dit teenoor teenoor kinders met 62 sake (12,7%) afgeneem het. Die top 30 polisiestasies waar die moorde plaasgevind het is gesetel grotendeels in Gauteng, Wes-Kaap, Oos-Kaap en KwaZulu-Natal. Moorde in die Vrystaat het met 6 sake afgeneem (2,2%). Wat betref poging tot moord insidente was daar ‘n toename van 167 sake in die Vrystaat (42,7%). Vier (4) van die Vrystaatse polisiestasies val onder die top 30 polisiestasies in die land wat betref poging tot moord insidente, nl Thabong (6de in RSA), Odendaalsrus, Zamdela en Bloemspruit.

Wat betref Plaasmoorde in die RSA het dit met 2 moorde toegeneem, as die vorige jaar se syfers vergelyk word. In Mpumalanga, Noordwes en Wes-Kaap was ‘n produsent elk vermoor, dus 3 moorde, 1 moord op ‘n werker in Noordwes, 16 bewoners op plase/kleinhoewes vermoor waarvan die meeste in Gauteng, Noordwes en gevolg deur die Vrystaat, en 2 besoekers op plase/kleinhoewes is vermoor in die Oos-Kaap en Mpumalanga. Die plaasmoorde in die Vrystaat het plaasgevind te Bloemfontein, Welkom en Reitz. Daar was ‘n afname in Plaasaanvalle met 23 waarvan die grootste was in terme van gewapende rowe ingesluit huisrowe en besigheidsrowe. Daar was wel ‘n toename in Plaasaanvalle waar voertuie en vee geroof was met 5 insidente.

Daar was ‘n toename in gewapende rowe in die RSA met 6,6% (2502 insidente). Die Vrystaat het ‘n toename van 88 sake (6,8%) gehad. Huisrowe het in die RSA met 1,7% toegeneem (104 insidente). In die Vrystaat was daar 207 huisrowe, ‘n afname van 0.5%. Huisrowe en gewapende rowe word in baie gevalle vereenselwig met Plaasaanvalle.

Wat ontvoerings aanbetref, was 453 sake meer aangemeld, dus ‘n styging van 11% in die RSA. In die Vrystaat was daar 44 meer ontvoerings, dus 26,5%. Meer as 50% van ontvoerings vind in Gauteng plaas (51,7%) gevolg deur KZN (17,4%). Die Vrystaat se ontvoerings dra 4.6% by tot die RSA se insidente op die tipe misdaad. Welkom resorteer 29ste onder die top 30 polisiestasies in die land tov die tipe misdaad met 29 ontvoerings in ‘n 3 maande periode.

## 3. PLAASAANVALLE/MOORDE IN VRYSTAAT:

In die 3 maande periode, was daar 8 plaasaanvalle ingesluit 3 plaasmoorde wat plaasgevind het in boerdery gemeenskappe van die Vrystaat. Plaasmoorde het plaasgevind te Bloemfontein (Kopaning), Welkom en Reitz waar bewoners op plase vermoor is. Wat betref die Plaasaanvalle, het 5 plaasgevind in te Bloemspruit, Bethlehem, Oranjeville, Steynsrus waar Meestal werkers en bewoners op plase en of kleinhoewes geteiken was.

In die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember 2023, was daar 17 plaasaanvalle wat 1 plaasmoord ingesluit het. Dit blyk dat daar 'n afname van 9 insidente was in Plaasaanvalle gedurende dieselfde tydperk (52,9%).

## 4. AANGEMELDE EIENDOMS VERWANTE MISDADE (EVM) INAGGENOME VEEDIEFSTAL SAKE VIR DIE DERDE KWARTAAL VAN 2023/2024:

Wat Eiendoms Verwante Misdade (EVM) aanbetref, was daar 'n afname van 2810 sake in die RSA (2,9%). Die Vrystaat het 'n afname gehad van 8,4% (558 sake). Slegs die Noord-Kaap het minder sake aangemeld as die Vrystaat in die RSA. Parkweg resorteer onder die top 30 polisiestasies in die RSA, 492 sake aangemeld wat 'n daling van 21.3% meebring.

Die Vrystaat het in die eerste kwartaal van 2023/2024, 830 ***veediefstal sake*** aangemeld by die polisie, wat 25 sake minder is as wat in dieselfde periode laasjaar aangemeld is, dus 'n daling van 2,9%.

Wat ***Huisbrake by wonings*** aanbetref, val Parkweg en Welkom onder die top 30 polisiestasies in die RSA tov aangemelde sake, beide die 2 stasies het 'n daling in gerapporteerde sake gehad. Wat Huisbrake by besighede wat store op plase insluit, resorteer Welkom en Parkweg weer onder die top 30 polisiestasies in die RSA waar Welkom 'n styging van 8 sake het (9,8%) en Parkweg 'n daling van 28 sake (24,6%).

Wat ***Diefstal Algemeen*** aanbetref, was daar 2 456 sake minder aangemeld in die tydperk (-3,5%). Die Vrystaat het ook 'n daling van 3,7% (159 sake minder) aangemeld. Parkweg is die 3de grootste polisiestasies in die RSA tov Diefstal Algemeen met 490 sake (daling van 12 sake – 2.4%).

Die totale aangemelde veediefstal sake in die RSA is 7 290, dus 'n daling in aangemelde sake van 156 sake (2,1%) . KwaZulu-Natal as 'n provinsie, het die meeste veediefstal sake aangemeld, nl 1 871 gevolg deur Oos-Kaap met 1 654. Die Vrystaat is derde in die RSA met 830 sake. Die Vrystaat se veediefstal sake dra 11,4% by tot die RSA se aanmeldingsyfer tov veediefstal. Slegs Harrismith resorteer onder die top 30 polisiestasies in die RSA tov aanmelding (34 sake).

'n Totaal van 57 344 diere en 5 301 hoenders/volstruise is in die drie maande periode gesteel waarvan 25 006 skape, 16 124 beeste, 14 948 boerbokke, en 5 205 hoenders was. Daar is nie 'n uiteensetting hoeveel vee in die Vrystaat gesteel was nie, asook hoeveel vee teruggevind is nie. As die Vrystaat meer as 10% bydrae tot die nasionale aanmelding syfer kan daar afgelei word dat meer as 5700 stuks vee moontlik in die Vrystaat gesteel kon wees gedurende die 3 maande periode.

## 5. HOë MISDAAD AREAS IN DIE VRYSTAAT TOV VEEDIEFSTAL:

Die hoë misdaad areas in die Vrystaat tov veediefstal aangemeld by die polisie, is Ladybrand, Phuthaditjaba, Selosesha en Harrismith. Die 4 dorpe se boerderygemeenskappe het 107 sake aangemeld wat 12.9% uitmaak van die totale aangemelde sake in die Vrystaat. Twee dorpe se

boerderygemeenskappe het 'n toename ervaar van tussen 30% tot 109%, hul is Harrismith en Ladybrand. Ladybrand se veediefstal syfers is die hoogste in 'n 6 jaar periode, nl 23 sake.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Harrismith | 60 | 39 | 54 | 54 | 26 | 34 | 8 | 30,77 |
| Selosesha | 53 | 42 | 33 | 54 | 44 | 27 | -17 | -38,64 |
| Ladybrand | 20 | 15 | 18 | 19 | 11 | 23 | 12 | 109,09 |
| Phuthaditjhaba | 26 | 22 | 14 | 21 | 24 | 23 | -1 | -4,17 |

## 6. VERDERE HOë MISDAAD AREAS / DORPE TOV VEEDIEFSTAL:

Verdere twaalf (12) hoë misdaad areas tov aangemelde veediefstal sake in die Vrystaat word in die tabel hieronder weergegee, waar tussen 15 tot 20 sake in 'n drie maande periode aangemeld is. Die dorpe is Bethlehem, Bloemspruit, Botshabelo, Bultfontein, Dewetsdorp, Koppies, Makwane, Memel, Odendaalsrus, Senekal, Tseki, Vrede waarvan 2 grensdorpe is. Die totale aangemelde sake vir die 12 dorpe is 207 (24,9%). Slegs 2 van die dorpe het afnames in aangemelde sake gehad nl Bloemspruit en Vrede, terwyl die res van die stasies/dorpes toenames gehad het wat wissel vanaf 11,1% tot 100%.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bultfontein | 19 | 10 | 9 | 13 | 18 | 20 | 2 | 11,11 |
| Koppies | 16 | 9 | 12 | 9 | 10 | 19 | 9 | 90,00 |
| Memel | 23 | 23 | 17 | 13 | 13 | 19 | 6 | 46,15 |
| Senekal | 14 | 16 | 16 | 11 | 16 | 19 | 3 | 18,75 |
| Makwane | 23 | 29 | 25 | 17 | 12 | 18 | 6 | 50,00 |
| Tseki | 13 | 16 | 13 | 8 | 13 | 17 | 4 | 30,77 |
| Vrede | 19 | 22 | 29 | 18 | 19 | 17 | -2 | -10,53 |
| Bloemspruit | 11 | 22 | 24 | 9 | 20 | 16 | -4 | -20,00 |
| Dewetsdorp | 15 | 20 | 18 | 11 | 11 | 16 | 5 | 45,45 |
| Odendaalsrus | 28 | 6 | 10 | 6 | 8 | 16 | 8 | 100,00 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bethlehem | 44 | 26 | 23 | 15 | 11 | 15 | 4 | 36,36 |
| Botshabelo | 15 | 7 | 10 | 16 | 15 | 15 | 0 | 0,00 |

Die volgende 10 dorpe se boerderygemeenskappe se aangemelde veediefstal sake is die hoogste in 'n 6 jaar periode nl Boithuso, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Jacobsdal, Koppies Ladybrand, Rouxville, Senekal en Tseki. Almal het toenames gehad wat wissel van 11,11% tot 233,33%.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Boithuso | 6 | 8 | 12 | 6 | 6 | 12 | 6 | 100,00 |
| Bultfontein | 19 | 10 | 9 | 13 | 18 | 20 | 2 | 11,11 |
| Hertzogville | 7 | 6 | 4 | 5 | 3 | 10 | 7 | 233,33 |
| Hoopstad | 6 | 3 | 5 | 7 | 7 | 7 | 0 | 0,00 |
| Jacobsdal | 6 | 1 | 5 | 5 | 6 | 7 | 1 | 16,67 |
| Koppies | 16 | 9 | 12 | 9 | 10 | 19 | 9 | 90,00 |
| Ladybrand | 20 | 15 | 18 | 19 | 11 | 23 | 12 | 109,09 |
| Rouxville | 7 | 2 | 4 | 7 | 10 | 12 | 2 | 20,00 |
| Senekal | 14 | 16 | 16 | 11 | 16 | 19 | 3 | 18,75 |
| Tseki | 13 | 16 | 13 | 8 | 13 | 17 | 4 | 30,77 |

## 7. <u>DORPE GELEë LANGS DIE RSA/LESOTHO GRENS:</u>

Die onderstaande tabel reflekteer die grensdorpe/polisiestasies se aangemelde veediefstal syfers vir die 3 maande periode, 1 Oktober tot 31 Deseber 2023. Die totale aangemelde syfer is 196 sake wat 23,61% uitmaak van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfer vir die periode. Die 9 grens polisiestasies wat 'n toename in aangemelde sake het wat wissel van 30,77% tot 200% is Clarens, Clocolan, Kommimssiepoort, Ladybrand, Makwane, Namahadi, Tseki, Vanstadensrus en Wepener. Die ander dorpe se boerderygemeenskappe het 'n afname in aangemelde sake, terwyl Fouriesburg s'n dieselfde gebly het.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Clarens | 6 | 13 | 5 | 4 | 4 | 10 | 6 | 150,00 |
| Clocolan | 20 | 10 | 16 | 9 | 8 | 12 | 4 | 50,00 |
| Ficksburg | 20 | 14 | 43 | 26 | 25 | 14 | -11 | -44,00 |
| Fouriesburg | 22 | 21 | 23 | 24 | 11 | 11 | 0 | 0,00 |
| Hobhouse | 13 | 8 | 11 | 5 | 5 | 2 | -3 | -60,00 |
| Kestell | 22 | 13 | 10 | 8 | 10 | 9 | -1 | -10,00 |
| Kommissiepoort | 5 | 6 | 2 | 1 | 1 | 3 | 2 | 200,00 |
| Ladybrand | 20 | 15 | 18 | 19 | 11 | 23 | 12 | 109,09 |
| Makwane | 23 | 29 | 25 | 17 | 12 | 18 | 6 | 50,00 |
| Namahadi | 16 | 10 | 15 | 11 | 6 | 11 | 5 | 83,33 |
| Phuthaditjhaba | 26 | 22 | 14 | 21 | 24 | 23 | -1 | -4,17 |
| Tseki | 13 | 16 | 13 | 8 | 13 | 17 | 4 | 30,77 |
| Tseseng | 9 | 14 | 8 | 18 | 15 | 14 | -1 | -6,67 |
| Tweespruit | 3 | 8 | 10 | 3 | 7 | 6 | -1 | -14,29 |
| Van Stadensrus | 6 | 10 | 5 | 4 | 3 | 4 | 1 | 33,33 |
| Wepener | 14 | 12 | 11 | 4 | 4 | 6 | 2 | 50,00 |
| Zastron | 19 | 24 | 14 | 23 | 19 | 13 | -6 | -31,58 |

As die 13 grensdorpe asook die 4 hoë misdaad dorpe se boerderygemeenskappe se aangemelde veediefstal sake bymekaar getel word, verteenwoordig die 17 dorpe se statistieke 303 sake (36.5%) van die Vrystaat se aangemelde sake. Dit is op die dorpe waarop die polisie moet fokus ten einde veediefstal effektief aan te spreek.

Daar was 12 polisiestasies wat geen veediefstal sake vir ‘n 3 maande periode aangemeld het nie. Sewe (7) van die polisiestasies is in dorpe/stede geleë en veral in swartwoonbuurtes (gemerk in groen). Gariepdam en Wanda is van die kleiner landelike polisiestasies in die Vrystaat. Sien onderstaande tabel.

| **STASIE/DORP** | **OCT-DEC 2018/19** | **OCT-DEC 2019/20** | **OCT-DEC 2020/21** | **OCT-DEC 2021/22** | **OCT-DEC 2022/23** | **OCT-DEC 2023/24** | **AFNAME/TOENAME SAKE** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Batho | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bayswater | 1 | 2 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 |
| Fauresmith | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | -1 |
| Gariepdam | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | -1 |
| Heidedal | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Kagisanong | 1 | 2 | 0 | 1 | 4 | 0 | -4 |
| Luckhoff | 4 | 0 | 5 | 3 | 0 | 0 | 0 |
| Mangaung | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Meloding | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Sasolburg | 0 | 1 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Tumahole | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Wanda | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 0 | -1 |

Verder was daar 20 polisiestasies wat tussen 1-2 sake in ‘n 3 maande periode aangemeld het in die Vrystaat.

## 8. POLISIESTASIES GELEë IN DIE TRUST AREAS VAN BOTSHABELO/SELOSESHA/THABA-NCHU:

Die onderstaande tabel gee die aangemelde veediefstal sake in die Trust areas van Botshabelo/Thaba-Nchu/Selosesha weer. Slegs Selosesha wys ‘n daling in veediefstal sake aangemeld, terwyl slegs 1 polisiestasie ‘n toename van 100% toon nl Boithuso met 12 sake aangemeld. Die 4 polisiestasies se aanmeldingsyfer is 68 sake in ‘n 3 maande periode, terwyl die 9 Bloemfontein polisiestasies se aanmeldingsyfer 30 sake is.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Boithuso | 6 | 8 | 12 | 6 | 6 | 12 | 6 | 100,00 |
| Botshabelo | 15 | 7 | 10 | 16 | 15 | 15 | 0 | 0,00 |
| Selosesha | 53 | 42 | 33 | 54 | 44 | 27 | -17 | -38,64 |
| Thaba-Nchu | 16 | 22 | 11 | 18 | 14 | 14 | 0 | 0,00 |

## 9. VEEDIEFSTAL SAKE AANGEMELD IN DIE FEZILE DABI DISTRIK:

Die onderstaande tabel reflekteer op die aangemelde veediefstal sake in die Fezile Dabi distrik oor 'n 3 maande periode. Die 21 polisiestasies het veediefstal sake aangemeld van 114 sake wat 13,73% van die Vrystaat se aangemelde syfers bevat. Dorpe wat 10 en meer sake aangemeld het, is Cornelia, Koppies, Kroonstad en Villiers. Agt (8) stasies/dorpe toon 'n toename in aangemelde veediefstal sake wat wissel van 11,11% tot 200% is Cornelia, Edenville, Koppies, Kroonstad, Maokeng, Tweeling, Vierfontein en Viljoensdrif. Die dorpe waar PSIRA geregistreerde privaat ondersoekers van VL gebruik was het almal, behalwe vir Cornelia en Kroonstad 'n afname getoon, terwyl Kroonstad 2 sake meer aangemeld het en Cornelia 1 saak meer.

| STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Cornelia | 17 | 11 | 9 | 4 | 9 | 10 | 1 | 11,11 |
| Deneysville | 8 | 7 | 4 | 4 | 5 | 4 | -1 | -20,00 |
| Edenville | 8 | 11 | 5 | 3 | 1 | 3 | 2 | 200,00 |
| Heilbron | 23 | 19 | 9 | 23 | 10 | 9 | -1 | -10,00 |
| Heuningspruit | 4 | 4 | 3 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| Koppies | 16 | 9 | 12 | 9 | 10 | 19 | 9 | 90,00 |
| Kroonstad | 16 | 26 | 20 | 9 | 8 | 10 | 2 | 25,00 |
| Mafube | 16 | 22 | 13 | 14 | 27 | 8 | -19 | -70,37 |
| Maokeng | 9 | 6 | 1 | 0 | 3 | 6 | 3 | 100,00 |
| Oranjeville | 6 | 3 | 1 | 5 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| Parys | 2 | 7 | 5 | 5 | 5 | 4 | -1 | -20,00 |
| Sasolburg | 0 | 1 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| Steynsrus | 20 | 9 | 13 | 10 | 11 | 9 | -2 | -18,18 |
| Tumahole | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| Tweeling | 14 | 10 | 14 | 4 | 2 | 5 | 3 | 150,00 |
| Vierfontein | 7 | 4 | 0 | 4 | 2 | 3 | 1 | 50,00 |
| Viljoensdrif | 0 | 1 | 0 | 2 | 1 | 2 | 1 | 100,00 |
| Viljoenskroon | 13 | 13 | 3 | 0 | 2 | 1 | -1 | -50,00 |
| Villiers | 16 | 5 | 9 | 7 | 13 | 11 | -2 | -15,38 |
| Vredefort | 3 | 4 | 5 | 3 | 4 | 3 | -1 | -25,00 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Zamdela | 14 | 8 | 4 | 5 | 6 | 5 | -1 | -16,67 |

Vier (4) ander distrikte in die Vrystaat se veediefstal aanmelding syfers word in die onderstaande tabel weergegee. Al die distrikte het 'n daling in hul gerapporteerde veediefstal sake behalwe Thabo Mofutsanyana distrik wat 'n toename van 15 sake (4,7%) het. Die Thabo Mofutsanyana distrik dra 40.36% by tot die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers.

| DISTRIK | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fezile Dabe | 181 | 132 | 113 | 121 | 114 | -7 | -5,8 |
| Lejweleputswa | 147 | 161 | 137 | 166 | 164 | -2 | -1,2 |
| Mangaung | 175 | 151 | 165 | 146 | 137 | -9 | -6,2 |
| Thabo Mofutsanyana | 470 | 464 | 362 | 320 | 335 | 15 | 4,7 |
| Xhariep | 108 | 112 | 122 | 102 | 80 | -22 | -21,57 |
| **Vrystaat** | **1081** | **1020** | **899** | **855** | **830** | **-25** | **-2,9** |

## 10. BLOEMFONTEIN STASIES (MANGAUNG) SE MISDAAD STATISTIEKE:

Die Mangaung area bestaan uit 21 polisiestasies waarvan 9 in die Bloemfontein distrik gestasioneer is wat grotendeels meer stedelik is. Die Ernstige Geweldsmisdade (EGM) van die Bloemfontein stasies word in die onderstaande tabel gereflekteer:

| STASIE | MOORD | POGING TOT MOORD | GEWAPENDE ROOF | VEEDIEFSTAL | PLAASAANVALLE/MOORDE |
|---|---|---|---|---|---|
| BAINSVLEI | 0 | 2 | 3 | 5 | 0 |
| BATHO | 3 | 2 | 5 | 0 | 0 |
| BAYSWATER | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 |
| BLOEMSPRUIT | 24 | 40 | 73 | 16 | 2 |
| BOITHUSO | 7 | 3 | 39 | 12 | 0 |
| BOTSHABELO | 6 | 8 | 46 | 15 | 0 |
| DEWETSDORP | 1 | 0 | 2 | 16 | 0 |
| GLEN | 0 | 0 | 0 | 4 | 0 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| HEIDEDAL | 0 | 1 | 21 | 0 | 0 |
| KAGISANONG | 16 | 11 | 43 | 0 | 0 |
| KOPANONG | 9 | 3 | 25 | 1 | 1 |
| MANGAUNG | 3 | 4 | 33 | 0 | 0 |
| NAVALSIG | 4 | 0 | 16 | 7 | 0 |
| PARKWEG | 3 | 22 | 142 | 1 | 0 |
| SELOSESHA | 7 | 8 | 15 | 27 | 0 |
| SOUTPAN | 0 | 0 | 0 | 7 | 0 |
| THABA-NCHU | 1 | 1 | 9 | 14 | 0 |
| TIERPOORT | 0 | 0 | 1 | 2 | 0 |
| VANSTADENSRUS | 0 | 1 | 1 | 4 | 0 |
| WEPENER | 2 | 2 | 1 | 6 | 0 |
| **TOTAAL** | **86** | **109** | **476** | **137** | **3** |

- Daar was ***86 moorde*** in die ***21 polisiestasies*** in Bloemfontein en omliggende area gepleeg, met ***109 poging tot moord insidente***. In die 21 polisiestasies was daar ***476 gewapende rowe*** gepleeg, insluitende huisrowe, besigheidsrowe, voertuigkapings en trokkapings.
- Die ***4 polisiestasies*** waar ***Gewapende rowe***, hetsy voertuie, huisrowe, en of besigheidsrowe styg is Bloemspruit, Boithuso, Kopanong, Mangaung
- ***Poging tot moord styg by 7 polisiestasies*** nl Bloemspruit, Botshabelo, Kagisanong, Parkweg, Selosesha, Vanstadensrus, Wepener – Bloemspruit resorteer onder die top 30 polisiestasies in die land tov die tipe misdaad;
- ***Moorde styg by 4 polisiestasies*** nl Bloemspruit, Kagisanong, Selosesha, Wepener
- ***Bloemspruit*** is die stasie/area wat die ***meeste moorde*** het nl 24 in 'n 3maande periode, gevolg deur Kagisanong (16) en Kopanong (9)
- ***Bloemspruit*** tesame met ***Parkweg*** het die meeste ***Poging tot Moord*** insidente gehad nl 40 en 22, gevolg deur Kagisanong met 11
- ***Parkweg*** het die ***meeste gewapende rowe*** gehad in 'n 3maande periode nl 142, gevolg deur ***Bloemspruit*** met 73 sake, ***Botshabelo*** met 46 en ***Kagisanong*** met 43 sake
- Daar was slegs ***3 Plaasaanvalle nl by Bloemspruit en Kopanong*** waar werkers en bewoners aangeval is

***EIENDOMS VERWANTE MISDADE (EVM***) sluit die volgende in:

- 137 veediefstal sake is aangemeld by 16 polisietasies in die Mangaung distrik
- Daar is ***7 polisiestasies*** waar ***veediefstal 'n styging*** toon nl; Bainsvlei, Boithuso, Dewetsdorp, Navalsig, Soutpan, Vanstadensrus en Wepener
- Boithuso, Botshabelo, Dewetsdorp, Selosesha, Thaba-Nchu het meer as 10 veediefstal sake aangemeld

- 4 polisiestasies het in die 3maande periode, 6 en meer veediefstal sake aangemeld nl, Bloemspruit, Navalsig, Soutpan, Wepener
- Wat betref ***Diefstal Algemeen*** is daar 'n styging te bespeur te Bainsvlei, Dewetsdorp, Heidedal, Kopanong, Mangaung, Thaba-Nchu, Tierpoort, Wepener – Parkweg is 3de in die RSA rakende die tipe misdaad in die derde kwartaal;
- Wat betref ***Huisbrake (wonings en of store***) is 'n styging uitgewys by die volgende polisiestasies, nl: Boithuso, Botshabelo, Dewetsdorp, Glen, Heidedal, Kopanong, Mangaung, Soutpan, Thaba-Nchu – Parkweg resorteer onder top 30 polisiestasies in die RSA wat betref huisbrake
- Wat betref ***Diefstal van Motor voertuie*** is daar 'n styging by die volgende polisiestasies, nl: Botshabelo, Kagisanong

Vir die landbousektor is dit dus noodsaaklik dat Huisbrake by wonings, besighede, Diefstal Algemeen, Veediefstal effektiewer aangespreek word. Die polisiestasies wat hier problematies kan wees as ***hoë misdaad areas veral tov aangemelde sake/insidente*** en waar polisiërings aksies in die landelike gebiede moet plaasvind, is Bloemspruit, Boithuso, Botshabelo, Dewetsdorp, Kagisanong, Selosesha, Thaba-Nchu, Wepener

## 11. OPSOMMING:

Die opsomming van die misdaad statistieke vir die derde kwartaal van die finansiële jaar 2023/2024, word kortliks hieronder weergegee:

- ***Moord*** insidente het in die ***RSA toegeneem*** met 2,1***%*** - sulke insidente teenoor ***vrouens*** het ***toegeneem*** met ***3,4%*** en teenoor ***kinders afgeneem*** met ***10,7% - Moorde*** in die ***Vrystaat*** het ***afgeneem*** met 2,2***%;***
- ***Poging tot moord insidente toegeneem het met 13%*** - teenoor ***vrouens*** het dit t***oegeneem*** met ***11,9%,*** teenoor ***kinders*** het dit ***afgeneem*** met ***12,7%*** - in die ***Vrystaat*** het dit met ***42,7% toegeneem***;
- ***Plaasmoorde*** in die ***RSA*** het met **6 *insidente toegeneem*** - 3 produsente, 1 werkers, 16 bewoners en 'n persoon wat 'n plaas besoek het is vermoor n die Vrystaat, Noordwes, Mpumalanga, Gauteng en Wes-Kaap – in die ***Vrystaat*** het plaasmoorde plaasgevind te Bloemfontein, Reitz en Welkom;
- ***Toename*** in ***gewapende rowe*** in die ***RSA*** met **6,6% (2502 insidente**) - ***Vrystaat*** het 'n toename van 6,8% gehad;
- ***Huisrowe*** het in die ***RSA*** met ***1,7% toegeneem*** (104 insidente) - in die ***Vrystaat*** was daar 207 huisrowe, 'n ***afname*** van ***0.5%;***
- ***Afname*** van 23 ***plaasaanvalle*** in die ***RSA*** wat 'n verskeidenheid van ernstige geweldsmisdade insluit maar grotendeels gewapende rowe is
- In 3 maande periode (Oktober tot Desember 2023) was daar ***8 plaasaanvalle wat 3 moorde ingesluit*** het in die ***Vrystaat*** – Bloemspruit, Bethlehem, Oranjeville, Reitz, Steynsrus, Welkom - daar is 'n afname van 52,9% in Plaasaanvalle gedurende 3 maande periode in die Vrystaat.
- Aangemelde ***veediefstal sake*** in ***RSA*** is ***7 290*** – daling van 2,1% (156 sake) meeste daarvan in ***KwaZulu-Natal (1 871)*** gevolg deur die ***Oos-Kaap (1654)*** - ***Vrystaat*** is derde met ***830 sake,*** 'n ***daling*** van ***2,9% (25 sake***);

- ‘n Totaal van ***57 344 diere*** is in die drie maande periode gesteel (25 006 skape, 14 948 bokke, 16 124 beeste, 5 301 hoenders) – geen getalle wat betref teruggevinde vee nie asook per provinsie nie;
- Vier (4) ***hoë misdaad dorpe*** in ***Vrystaat*** is ***Ladybrand, Phuthaditjaba, Selosesha en Harrismith*** - verteenwoordig ***12,9%*** van Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers;
- Verdere twaalf (***12) hoë misdaad areas*** het tussen 15 tot 20 sake aangemeld waar die dorpe se sake 27,59% van die Vrystaat se syfers verteenwoordig – Bethlehem, Bloemspruit, Botshabelo, Bultfontein, Dewetsdorp, Koppies, Makwane, Memel, Odendaalsrus, Senekal, Tseki, Vrede waarvan 2 grensdorpe is – hul het ‘n gesamentlike persentasie van 24,9%;
- Tien (10) dorpe wat in ‘n ***6 jaar periode*** die hoogste aanmeldingsyfer het tov veediefstal is Boithuso, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Jacobsdal, Koppies, Ladybrand, Rouxville, Senekal en Tseki;
- Die ***13 grensdorpe*** verteenwoordig ***23,61%*** van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfer vir die tydperk – toenames wat wissel van 30,77% tot 200% was by Clarens, Clocolan, Kommissiepoort, Ladybrand, Makwane, Namahadi, Tseki, Vanstadensrus, Wepener;
- Die Fezile Dabe distrik verteenwoordig 13,73% van die Vrystaat se aangemelde veediefstal syfers;
- ***12 polisie stasies*** het ***geen veediefstal sake*** vir ‘n ***3 maande periode*** aangemeld nie, meeste van hulle geleë in dorpsareas en ander is klein landelike polisiestasies;

Die ***20 hoë misdaad areas*** tov veediefstal in die Vrystaat kan geïdentifiseer word as die volgende:

- 7 grensdorpe nl Clarens, Clocolan, Kommissiepoort, Ladybrand, QwaQwa area; Vanstadensrus, Wepener
- Boithuso/Botshabelo/Selosesha/Thaba-Nchu polisiestasies (trust areas);
- Asook die volgende hoë misdaad areas van Bethlehem, Bultfontein, Dewetsdorp, Harrismith, Koppies, Memel, Odendaalsrus, Senekal, Vrede;

**POLISIESTASIES IN VRYSTAAT: AANGEMELDE VEEDIEFSTAL STATISTIEKE, 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2023:**

| NR | STASIE/DORP | OCT-DEC 2018/19 | OCT-DEC 2019/20 | OCT-DEC 2020/21 | OCT-DEC 2021/22 | OCT-DEC 2022/23 | OCT-DEC 2023/24 | AFNAME/TOENAME SAKE | VERSKIL % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Allanridge | 3 | 1 | 2 | 2 | 6 | 2 | -4 | -66,67 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Arlington | 5 | 4 | 10 | 4 | 6 | 3 | -3 | -50,00 |
| 3 | Bainsvlei | 6 | 9 | 2 | 1 | 3 | 5 | 2 | 66,67 |
| 4 | Batho | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 5 | Bayswater | 1 | 2 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 6 | Bethlehem | 44 | 26 | 23 | 15 | 11 | 15 | 4 | 36,36 |
| 7 | Bethulie | 12 | 3 | 10 | 15 | 8 | 4 | -4 | -50,00 |
| 8 | Bloemspruit | 11 | 22 | 24 | 9 | 20 | 16 | -4 | -20,00 |
| 10 | Bohlokong | 0 | 30 | 16 | 3 | 7 | 12 | 5 | 71,43 |
| 9 | Boithuso | 6 | 8 | 12 | 6 | 6 | 12 | 6 | 100,00 |
| 11 | Boshof | 1 | 1 | 8 | 3 | 4 | 5 | 1 | 25,00 |
| 12 | Bothaville | 14 | 16 | 8 | 11 | 14 | 13 | -1 | -7,14 |
| 13 | Botshabelo | 15 | 7 | 10 | 16 | 15 | 15 | 0 | 0,00 |
| 14 | Brandfort | 14 | 12 | 15 | 8 | 2 | 4 | 2 | 100,00 |
| 15 | Bronville | 4 | 0 | 2 | 1 | 5 | 4 | -1 | -20,00 |
| 16 | Bultfontein | 19 | 10 | 9 | 13 | 18 | 20 | 2 | 11,11 |
| 17 | Clarens | 6 | 13 | 5 | 4 | 4 | 10 | 6 | 150,00 |
| 18 | Clocolan | 20 | 10 | 16 | 9 | 8 | 12 | 4 | 50,00 |
| 19 | Cornelia | 17 | 11 | 9 | 4 | 9 | 10 | 1 | 11,11 |
| 20 | Dealesville | 16 | 11 | 7 | 2 | 2 | 8 | 6 | 300,00 |
| 21 | Deneysville | 8 | 7 | 4 | 4 | 5 | 4 | -1 | -20,00 |
| 22 | Dewetsdorp | 15 | 20 | 18 | 11 | 11 | 16 | 5 | 45,45 |
| 23 | Edenburg | 24 | 22 | 15 | 6 | 8 | 6 | -2 | -25,00 |
| 24 | Edenville | 8 | 11 | 5 | 3 | 1 | 3 | 2 | 200,00 |
| 25 | Excelsior | 6 | 4 | 2 | 1 | 2 | 2 | 0 | 0,00 |
| 26 | Fauresmith | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | -1 | -100,00 |
| 27 | Ficksburg | 20 | 14 | 43 | 26 | 25 | 14 | -11 | -44,00 |
| 28 | Fouriesburg | 22 | 21 | 23 | 24 | 11 | 11 | 0 | 0,00 |
| 29 | Gariepdam | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | -1 | -100,00 |
| 30 | Glen | 6 | 1 | 2 | 6 | 4 | 4 | 0 | 0,00 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 | Goedemoed | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| 32 | Harrismith | 60 | 39 | 54 | 54 | 26 | 34 | 8 | 30,77 |
| 33 | Heidedal | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 34 | Heilbron | 23 | 19 | 9 | 23 | 10 | 9 | -1 | -10,00 |
| 35 | Hennenman | 10 | 11 | 11 | 12 | 19 | 12 | -7 | -36,84 |
| 36 | Hertzogville | 7 | 6 | 4 | 5 | 3 | 10 | 7 | 233,33 |
| 37 | Heuningspruit | 4 | 4 | 3 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| 38 | Hobhouse | 13 | 8 | 11 | 5 | 5 | 2 | -3 | -60,00 |
| 39 | Hoopstad | 6 | 3 | 5 | 7 | 7 | 7 | 0 | 0,00 |
| 40 | Jacobsdal | 6 | 1 | 5 | 5 | 6 | 7 | 1 | 16,67 |
| 41 | Jagersfontein | 9 | 4 | 1 | 3 | 0 | 2 | 2 | #DIV/0! |
| 42 | Kagisanong | 1 | 2 | 0 | 1 | 4 | 0 | -4 | -100,00 |
| 43 | Kestell | 22 | 13 | 10 | 8 | 10 | 9 | -1 | -10,00 |
| 44 | Koffiefontein | 17 | 8 | 11 | 12 | 9 | 6 | -3 | -33,33 |
| 45 | Kommissiepoor t | 5 | 6 | 2 | 1 | 1 | 3 | 2 | 200,00 |
| 46 | Kopanong | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| 47 | Koppies | 16 | 9 | 12 | 9 | 10 | 19 | 9 | 90,00 |
| 48 | Kroonstad | 16 | 26 | 20 | 9 | 8 | 10 | 2 | 25,00 |
| 49 | Ladybrand | 20 | 15 | 18 | 19 | 11 | 23 | 12 | 109,09 |
| 50 | Lindley | 10 | 15 | 7 | 8 | 4 | 3 | -1 | -25,00 |
| 51 | Luckhoff | 4 | 0 | 5 | 3 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 52 | Mafube | 16 | 22 | 13 | 14 | 27 | 8 | -19 | -70,37 |
| 53 | Makwane | 23 | 29 | 25 | 17 | 12 | 18 | 6 | 50,00 |
| 54 | Mangaung | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 55 | Maokeng | 9 | 6 | 1 | 0 | 3 | 6 | 3 | 100,00 |
| 56 | Marquard | 9 | 9 | 7 | 1 | 2 | 1 | -1 | -50,00 |
| 57 | Meloding | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 58 | Memel | 23 | 23 | 17 | 13 | 13 | 19 | 6 | 46,15 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 59 | Namahadi | 16 | 10 | 15 | 11 | 6 | 11 | 5 | 83,33 |
| 60 | Navalsig | 2 | 5 | 6 | 12 | 6 | 7 | 1 | 16,67 |
| 61 | Odendaalsrus | 28 | 6 | 10 | 6 | 8 | 16 | 8 | 100,00 |
| 62 | Oranjeville | 6 | 3 | 1 | 5 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| 63 | Park Road | 3 | 3 | 2 | 5 | 0 | 1 | 1 | #DIV/0! |
| 64 | Parys | 2 | 7 | 5 | 5 | 5 | 4 | -1 | -20,00 |
| 65 | Paul Roux | 11 | 23 | 7 | 11 | 8 | 9 | 1 | 12,50 |
| 66 | Petrus Steyn | 1 | 6 | 1 | 2 | 3 | 2 | -1 | -33,33 |
| 67 | Petrusburg | 5 | 6 | 9 | 5 | 7 | 5 | -2 | -28,57 |
| 68 | Philippolis | 1 | 7 | 3 | 4 | 4 | 4 | 0 | 0,00 |
| 69 | Phuthaditjhaba | 26 | 22 | 14 | 21 | 24 | 23 | -1 | -4,17 |
| 70 | Reddersburg | 9 | 6 | 12 | 8 | 12 | 6 | -6 | -50,00 |
| 71 | Reitz | 15 | 14 | 11 | 13 | 16 | 10 | -6 | -37,50 |
| 72 | Roadside | 3 | 2 | 5 | 2 | 7 | 2 | -5 | -71,43 |
| 73 | Rosendal | 2 | 4 | 11 | 7 | 6 | 5 | -1 | -16,67 |
| 74 | Rouxville | 7 | 2 | 4 | 7 | 10 | 12 | 2 | 20,00 |
| 75 | Sasolburg | 0 | 1 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 76 | Selosesha | 53 | 42 | 33 | 54 | 44 | 27 | -17 | -38,64 |
| 77 | Senekal | 14 | 16 | 16 | 11 | 16 | 19 | 3 | 18,75 |
| 78 | Smithfield | 5 | 7 | 12 | 20 | 13 | 10 | -3 | -23,08 |
| 79 | Soutpan | 9 | 2 | 5 | 8 | 4 | 7 | 3 | 75,00 |
| 80 | Springfontein | 7 | 5 | 5 | 2 | 2 | 2 | 0 | 0,00 |
| 81 | Steunmekaar | 1 | 2 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | #DIV/0! |
| 82 | Steynsrus | 20 | 9 | 13 | 10 | 11 | 9 | -2 | -18,18 |
| 83 | Thaba-Nchu | 16 | 22 | 11 | 18 | 14 | 14 | 0 | 0,00 |
| 84 | Thabong | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0,00 |
| 85 | Theunissen | 15 | 14 | 18 | 12 | 3 | 8 | 5 | 166,67 |
| 86 | Tierpoort | 8 | 7 | 9 | 4 | 7 | 2 | -5 | -71,43 |
| 87 | Trompsburg | 14 | 8 | 3 | 3 | 0 | 1 | 1 | #DIV/0! |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 88 | Tseki | 13 | 16 | 13 | 8 | 13 | 17 | 4 | 30,77 |
| 89 | Tseseng | 9 | 14 | 8 | 18 | 15 | 14 | -1 | -6,67 |
| 90 | Tumahole | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | #DIV/0! |
| 91 | Tweeling | 14 | 10 | 14 | 4 | 2 | 5 | 3 | 150,00 |
| 92 | Tweespruit | 3 | 8 | 10 | 3 | 7 | 6 | -1 | -14,29 |
| 93 | Van Stadensrus | 6 | 10 | 5 | 4 | 3 | 4 | 1 | 33,33 |
| 94 | Ventersburg | 25 | 8 | 9 | 9 | 13 | 14 | 1 | 7,69 |
| 95 | Verkeerdevlei | 1 | 12 | 6 | 4 | 16 | 5 | -11 | -68,75 |
| 96 | Verkykerskop | 14 | 11 | 14 | 10 | 5 | 2 | -3 | -60,00 |
| 97 | Vierfontein | 7 | 4 | 0 | 4 | 2 | 3 | 1 | 50,00 |
| 98 | Viljoensdrif | 0 | 1 | 0 | 2 | 1 | 2 | 1 | 100,00 |
| 99 | Viljoenskroon | 13 | 13 | 3 | 0 | 2 | 1 | -1 | -50,00 |
| 100 | Villiers | 16 | 5 | 9 | 7 | 13 | 11 | -2 | -15,38 |
| 101 | Virginia | 13 | 13 | 11 | 6 | 13 | 11 | -2 | -15,38 |
| 102 | Vrede | 19 | 22 | 29 | 18 | 19 | 17 | -2 | -10,53 |
| 103 | Vredefort | 3 | 4 | 5 | 3 | 4 | 3 | -1 | -25,00 |
| 104 | Wanda | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 0 | -1 | -100,00 |
| 105 | Warden | 16 | 23 | 21 | 15 | 17 | 7 | -10 | -58,82 |
| 106 | Welkom | 9 | 10 | 13 | 6 | 8 | 7 | -1 | -12,50 |
| 107 | Wepener | 14 | 12 | 11 | 4 | 4 | 6 | 2 | 50,00 |
| 108 | Wesselsbron | 7 | 6 | 11 | 15 | 9 | 10 | 1 | 11,11 |
| 109 | Winburg | 9 | 7 | 11 | 15 | 15 | 7 | -8 | -53,33 |
| 110 | Zamdela | 14 | 8 | 4 | 5 | 6 | 5 | -1 | -16,67 |
| 111 | Zastron | 19 | 24 | 14 | 23 | 19 | 13 | -6 | -31,58 |

**VRYSTAAT: AANGEMELDE MISDAAD STATISTIEKE VIR DIE DERDE KWARTAAL, 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2023:**

| CRIME CATEGORY | October 2019 to December 2019 | October 2020 to December 2020 | October 2021 to December 2021 | October 2022 to December 2022 | October 2023 to December 2023 | Count Diff | (%) Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **CONTACT CRIMES (CRIMES AGAINST THE PERSON)** | | | | | | | |
| Murder | 270 | 308 | 243 | 275 | 269 | -6 | -2,2% |
| Sexual offences | 1 029 | 1 006 | 924 | 988 | 1 069 | 81 | 8,2% |
| Attempted murder | 186 | 259 | 236 | 391 | 558 | 167 | 42,7% |
| Assault with the intent to inflict grievous bodily harm | 3 232 | 3 492 | 3 190 | 3 604 | 4 057 | 453 | 12,6% |
| Common assault | 3 638 | 4 005 | 4 054 | 4 473 | 4 454 | -19 | -0,4% |
| Common robbery | 513 | 466 | 443 | 574 | 610 | 36 | 6,3% |
| Robbery with aggravating circumstances | 1 371 | 1 199 | 1 196 | 1 302 | 1 390 | 88 | 6,8% |
| **Contact crime (Crimes against the person)** | **10 239** | **10 735** | **10 286** | **11 607** | **12 407** | **800** | 6,9% |
| **SEXUAL OFFENCES - BREAKDOWN** | | | | | | | |
| Rape | 803 | 745 | 704 | 758 | 841 | 83 | 10,9% |
| Sexual assault | 154 | 182 | 170 | 143 | 135 | -8 | -5,6% |
| Attempted sexual offences | 51 | 46 | 32 | 66 | 72 | 6 | 6 counts higher |
| Contact sexual offences | 21 | 33 | 18 | 21 | 21 | 0 | 0 count diff |
| **SOME SUBCATEGORIES OF AGGRAVATED ROBBERY** | | | | | | | |
| Carjacking | 60 | 60 | 57 | 71 | 85 | 14 | 14 counts higher |
| Robbery at residential premises | 221 | 227 | 200 | 208 | 207 | -1 | -0,5% |
| Robbery at non-residential premises | 206 | 220 | 237 | 234 | 193 | -41 | -17,5% |
| ***TRIO Crime*** | ***487*** | ***507*** | ***494*** | ***513*** | ***485*** | ***-28*** | -5,5% |
| Robbery of cash in transit | 2 | 0 | 2 | 4 | 1 | -3 | 3 counts lower |
| Bank robbery | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 count diff |
| Truck hijacking | 8 | 15 | 17 | 13 | 14 | 1 | 1 count higher |
| **CONTACT-RELATED CRIMES** | | | | | | | |
| Arson | 41 | 40 | 46 | 50 | 48 | -2 | 2 counts lower |
| Malicious damage to property | 1 591 | 1 768 | 1 802 | 1 943 | 1 803 | -140 | -7,2% |
| **Contact-related crime** | **1 632** | **1 808** | **1 848** | **1 993** | **1 851** | **-142** | -7,1% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PROPERTY-RELATED CRIMES** | | | | | | | |
| Burglary at non-residential premises | 1 340 | 1 221 | 1 081 | 1 438 | 1 227 | -211 | -14,7% |
| Burglary at residential premises | 3 188 | 2 888 | 2 895 | 3 065 | 2 743 | -322 | -10,5% |
| Theft of motor vehicle and motorcycle | 321 | 295 | 213 | 195 | 166 | -29 | -14,9% |
| Theft out of or from motor vehicle | 1 090 | 975 | 893 | 1 063 | 1 092 | 29 | 2,7% |
| Stock-theft | 1 081 | 1 020 | 899 | 855 | 830 | -25 | -2,9% |
| **Property-related crime** | **7 020** | **6 399** | **5 981** | **6 616** | **6 058** | **-558** | -8,4% |
| **OTHER SERIOUS CRIMES** | | | | | | | |
| All theft not mentioned elsewhere | 3 736 | 3 532 | 3 875 | 4 349 | 4 190 | -159 | -3,7% |
| Commercial crime | 966 | 1 099 | 1 300 | 1 070 | 1 119 | 49 | 4,6% |
| Shoplifting | 647 | 556 | 540 | 602 | 628 | 26 | 4,3% |
| **Other serious crime** | **5 349** | **5 187** | **5 715** | **6 021** | **5 937** | **-84** | -1,4% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **17 Community reported serious crime** | **24 240** | **24 129** | **23 830** | **26 237** | **26 253** | **16** | 0,1% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **CRIMES DETECTED AS A RESULT OF POLICE ACTION** | | | | | | | |
| Illegal possession of firearms and ammunition | 87 | 75 | 119 | 164 | 145 | -19 | -11,6% |
| Drug-related crime | 1 141 | 920 | 1 078 | 1 659 | 1 441 | -218 | -13,1% |
| Driving under the influence of alcohol or drugs | 980 | 754 | 695 | 649 | 866 | 217 | 33,4% |
| Sexual offences detected as a result of police action | 215 | 213 | 226 | 312 | 448 | 136 | 43,6% |
| **Crime detected as a result of police action** | **2 423** | **1 962** | **2 118** | **2 784** | **2 900** | **116** | 4,2% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kidnapping | 69 | 92 | 77 | 166 | 210 | 44 | 26,5% |

Opgestel deur:

Dr Jane Buys, Veiligheids Risiko Analis,

Vrystaat Landbou

23 Februarie 2024